

Prys die Here oor sy verlossing in jou lewe

Besef jy werklik wat die verlossing van die Here in jou lewe beteken? Kry God genoegsame erkenning in jou lewe vir die verlossing wat hy jou skenk?

Hierdie gedeelte wat ons gelees het, handel oor die reaksie van die volk op die verlossing wat God hulle geskenk het toe Hy hulle gered het uit die hand van die Egiptenare. Inhoudelik word presies dieselfde saak as dié in hoofstuk 14 hier behandel. In hoofstuk 14 word die verhaal vertel, maar hier word dit in die vorm van 'n lied gesing. Dit is 'n oorwinningslied, 'n lied vol vreugde en blydschap, want die Here het die Egiptenare uitgewis. Gaan lees maar in vers 4 tot 10 wat die Here alles aan die Egiptenare gedoen het. Die Israeliete was vreesbevange, maar toe tree die Here teen die Egiptenare op, presies soos Hy Moses belowe het. Hy wis die Egiptenare almal uit en red sy volk. Hy gee hulle die verlossing waarna hulle so lank gesoek het. Daardeur wou Hy aan hulle, en ook ander nasies, bewys dat Hy Here en Koning is en dat Hy regeer tot in ewigheid.

So het Hy ook eeue later gedoen, toe Hy sy enigste Seun, Jesus Christus, gestuur het. Deur Hom is almal wat glo meer as oorwinnaars. Hy het ook deur die uitstorting van die Heilige Gees die versekering gegee dat God nog steeds regeer tot in ewigheid.

Dit sê vir jou dat jy niks en niemand in die lewe hoef te vrees nie, want geen lewe of dood, of engele of magte of watter ander persoon of ding dit ook al mag wees, sal ons kan skei van die liefde van God in Jesus Christus nie. Daarom kan jy ook met 'n lied in die hart die Here dank, loof en prys vir sy goedheid en liefde, omdat sy verlossing van nou af tot in ewigheid vir jou vreugdevolle betekenis sal hê.

Sing: Psalm 146:8

Ds Neville Boy (Drieviersboom)